Die Christelike Vrou

November/Desember 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

Viering van ’n lewe

Gisteraand was ons by ’n troosdiens. Die jong vrou van ons bouer het haar stryd teen lupus verloor. Sy was maar 36 jaar oud en laat haar man, een seun van ongeveer 17 jaar en een van 6 jaar agter. Natuurlik het hulle almal geweet die siekte sou haar vroeër of later seker pootjie, maar dit bly maar altyd ’n skok en hartseer.

Waaroor ek hier wil skryf vandag, is my ervaring van die troosdiens. Ek is self predikant, en het al vele begrafnisse hanteer en selfs meer bygewoon. Soos elke mens op aarde het ek ook al geliefdes aan die dood afgestaan. Destyds toe my pa oorlede is, het ons die kerkdiens ook ’n troosdiens genoem en nie ’n begrafnis nie. In my gedagtes en hart het ek beleef dat ’n *troosdiens* baie beter klink en sekerlik ís, as ’n *begrafnisdiens*.

Ná gisteraand se geleentheid dink ek ek gaan sulke dienste eerder *vieringe* noem, want ten spyte van baie hartseer, pyn en gevoelens van verlorenheid, was die aand gevul met lofliedere en danse.

Toegegee dat kulture verskil, maar waar gelowiges saam is, is daar nie wit of swart of bruin of pienk of pers nie. Wanneer ons voor God staan, maak dit nie saak of jy nootvas die liedere kan sing of geen idee van melodie het nie. Dit maak regtig nie saak of jy voor Hom staan met ’n formele swart pak klere en stywe das of ’n blink rok, hoëhakskoene en ’n formidabele hoed nie, en of jy daar staan in jou blou denim, t-hemp en insteekplakkies nie.

Wanneer die voorganger, pastoor, ouderling of ons skrynwerker so na die musiekmakers se kant kyk en vra vir ’n *koortjie*, het dit gevoel en gelyk of die hele saal begin asemhaal. Vir baie stoere Hervormers sal so ’n byeenkoms seker maar vreemd en oneerbiedig lyk, maar ek het dit baie anders beleef. ’n Mens het amper vergeet jy is daar omdat iemand dood is, want sowat van lofprysing, dans en meelewing het ek lanklaas gesien en gehoor.

Dit is wel so dat ek en die voorgangers by die diens sekerlik oor ’n klompie teologiese punte sal verskil, maar gisteraand het ek beleef wat dit werklik beteken om in vertroue en volkome oorgawe aan God te leef te midde van pyn en hartseer.

Daar ís iets anders ná die dood...

Hannelie

Uitdagings

Alle foto's by hierdie artikel is bloot ter illustrasie en is verkry vanaf *Pixabay*

Uitdagings

Vir ma's van kinders met gestremdhede

Sarah-Jane Meyer, Gemeente Outeniqua

Elke ma wil graag hê haar kinders moet 'n volle, gelukkige lewe ervaar, met soveel geleenthede moontlik. Vir die ma's van kinders met gestremdhede is dit heelwat meer uitdagend om hierdie doel te bereik.

Die uitslae van die *Global Health Standards (GHS) 2009 WG Short Set of Questions* dui aan dat die getal kinders met gestremdhede in Suid-Afrika veel hoër is as die ongeveer 500 000 aangewys in Sensus 2001. Die getal is skynbaar nader aan een miljoen, dus sowat 20 persent van die totale vyf miljoen mense met gestremdhede in die land.

Volgens GHS-statistieke is gestremdhede wat sig en gehoor betref die algemeenste, en ongeveer een uit tien gestremde kinders het veelvuldige gestremdhede. Daar is aansienlike verskil in aangemelde gestremdhede onder kinders, afhangende van omgewing, geslag, ouderdom en verskeie sosio-ekonomiese faktore. Die voorkoms van aangemelde gestremdhede is ietwat hoër onder seuns as meisies, en hierdie verskil is meer merkbaar hoe ouer die kinders is.

Hierdie statistieke toon dat baie ma's soortgelyke situasies beleef, so die eerste ding wat belangrik is om te onthou, is dat jy nie alleen is nie.

Die uitdagings

Dis normaal om angstig te voel as jy daarvan bewus word dat jou kind nie soos ander liggaamlik geskikte (*able-bodied*) kinders is nie. Hoe gaan jy dié onbekende situasie hanteer? Destyds het baie mense selfs skaam gevoel – al het hulle niks gedoen waaroor hulle skaam hoef te wees nie. Gelukkig is dit deesdae meer algemeen om oral mense met alle soorte gestremdhede te sien, en vele geboue, hotelle en restaurante asook paaie en sypaadjies is nou aangepas vir gebruik deur gestremdes. Dit is nie meer 'n taboe nie – mense praat makliker daaroor.

Alhoewel dit makliker is om oor gestremdhede te gesels as in die verlede, bied die situasie nogtans uitdagings wat ouers van liggaamlik geskikte kinders nie teëkom nie. Die volgende is voorbeelde:

- Finansies: Om 'n kind met 'n gestremdheid groot te maak, is veel duurder as in die geval van 'n liggaamlik geskikte kind. Dit is omdat hierdie kinders dikwels spesiale toerusting, mediese behandeling en versorging benodig – soos fisio- en spraakterapie, psigiatriese

Vir ma's van kinders met gestremdhede **Sarah-Jane Meyer, Gemeente Outeniqua**

behandeling, medikasie en chirurgie. Mediese fondse dek gewoonlik net 'n deel van hierdie onkoste. Kinders met gestremdhede word dikwels volwassenes met gestremdhede, wat lewenslank finansieel afhanklik is van hul ouers of ander familielede.

- Huisvesting: Indien jou kind nie kan loop nie, moet jou huis ingerig word vir die gebruik van 'n rolstoel of ander toerusting om loop te verbeter. Dit beteken die oppervlak moet gelyk wees – absoluut geen trappe nie – en die badkamer, slaapkamer en leefareas moet toeganklik wees. Weer eens 'n duur onderneming.
- Skoolgaan: Die meeste hoofstroomskole is nie geskik vir kinders met gestremdhede nie en spesiale skole is gewoonlik net in die groter stede of dorpe beskikbaar.
- Sosiale teruggetrokkenheid: Kinders met gestremdhede het baie maal min selfvertroue en vind dit moeilik om sosiaal te meng.
- Vooruitbeplanning: Jy moet voorsorgmaatreëls tref vir die dag wanneer jy nie meer daar is nie. Liggaamlik geskikte kinders sorg meestal vir hulself – en selfs vir jou – as hulle volwasse is, maar dié met gestremdhede nie.

Vir ma's van kinders met gestremdhede

Sarah-Jane Meyer, Gemeente Outeniqua

Hoe hanteer jy dit?

My seun gebruik al 'n rolstoel vandat hy tien jaar oud is. Hy is nie gestremd gebore nie, maar net voor sy vierde verjaardag het hy 'n virus gekry wat hom serebraal verlam gelaat het. Hy het nooit weer leer loop nie, en het sy skoolloopbaan by 'n spesiale skool deurgebring. Ons het in Melkbosstrand naby Kaapstad gewoon, en hy is van kleins af in die koshuis by Paarl Skool in Brackenfell. Dit was vir eers 'n groot ontwrigting vir die familie, maar toe hy begin maats maak, het hy redelik goed aangepas.

Attila is nou al amper 50. Hy woon in 'n tehuis vir volwassenes met gestremdhede in Kaapstad, waar hy goed versorg word. Hy is redelik selfstandig – doen self inkopies en werk as vrywilliger by 'n nabye skool. In hierdie stadium kan hy nog self bad en aantrek, en homself voer. Maar hy is nie heeltemal onafhanklik nie – hy kan byvoorbeeld nie sy eie kos voorberei nie – en soos hy ouer word, sal hy meer versorging nodig hê. Hy is nie in staat om self 'n inkomste te verdien nie, so hy is finansieel heeltemal van my afhanklik. 'n Groot verantwoordelikheid.

Jy is nie alleen nie

Om uit te vind hoe ander ma's die situasie hanteer, het ek gesels met verskeie ma's wat kinders met gestremdhede het.

Petru Tolmay se twee tieners, Danielle en Hannes, is gebore met osteogenesis imperfecta (OI), 'n genetiese probleem wat veroorsaak dat hulle geneig is om beenfrakture te ondervind. Albei kinders het ook lui ligament, wat ernstige probleme kan veroorsaak.

Danielle het as kleuter haar sleutelbeen gebreek, en eenmaal 'n toon, maar van toe af geen frakture nie. Sy is 'n ywerige branderplankryer, en sy swem en speel hokkie, so dit blyk sy het die probleem ontgroei, sê Petru.

Hannes is ongelukkig nog nie oor die ramp nie. Nadat die femur van sy heup en die tibia van sy enkel afgebreek is, het dit twee jaar se rehabilitering geneem om hom weer op die been te bring. Hy doen geen sport nie.

Die OI veroorsaak dat hul liggame nie genoeg kollageen by beweeglike gedeeltes soos arms, knieë en gewrigte het nie. Petru sê Danielle se kollageentekort blyk opgelos te wees, maar Hannes het onlangs begin met binneaarse terapie sowel as verskeie aanvullings wat sy beendigtheid merkwaardig verbeter het.

Skoolgaan was 'n groot uitdaging, sê Petru. *Albei kinders het gesukkel in openbare skole met gewone omgewings en aktiwiteite wat gevaarlik is vir hulle, byvoorbeeld besige gange en kinders wat in massas trappe af hardloop. Liggaamsoefening was 'n probleem, want onderwysers is nie altyd opgelei om kinders met spesiale behoeftes te hanteer nie. Daar was ook groot druk op hulle om deel te neem aan speletjies tydens pouses. Ons het gereeld die hoof en*

Vir ma's van kinders met gestremdhede

Sarah-Jane Meyer, Gemeente Outeniqua

hul onderwysers in kennis gestel van wat hulle kan en nie kan doen nie, maar dit was tevergeefs. Danielle is van graad 8 af in 'n skool met net 45 leerlinge, en na sy beenbreuke doen Hannes tuis aanlyn sy skoolwerk. Albei moes oorgaan na Engels, wat nou hul huistaal geword het. Hulle verbeter hul punte met elke kwartaal en het goed aangepas.

Boelies is nog 'n groot probleem vir kinders met gestremdhede in hoofstroomskole, en Petru sê haar twee was erg geteiken – emosioneel en fisies. *Tot so'n mate dat die skool naderhand nie verantwoordelikheid wou neem vir die fisiese beserings wat hulle opgedoen het nie. Die ander kinders het hulle as aansitters en aandagsoekers bestempel – om daagliks skool toe te gaan, was behoorlik 'n straf.*

Nog 'n ma van 'n seun met 'n gestremdheid, **Florence Kemp**, noem boelies ook as een van die groot uitdagings wat haar seun op skool beleef het. Charles is op drie jaar met serebraalverlamming gediagnoseer, en het in sy vroeë jare 'n reeks operasies ondergaan om sy loop te verbeter. Die familie het in Tzaneen in Limpopo gewoon waar daar geen skole of ander fasiliteite vir gestremdes was nie. Hulle het verhuis na Pretoria, waar Charles 'n skool vir kinders met serebraalverlamming bygewoon het.

Dit was 'n wonderlike skool en hulle het alles moontlik vir hom gedoen, sê Florence. *Net voor hoërskool het die skoolsielkundige aangeraai dat hy na 'n hoofstroomskool oorgeplaas moes word. Die rede was dat dit hom beter in staat sou stel om as volwassene werk te kry, sonder die stigma van 'n "spesiale-skool-leerling".*

Dit was eers moeilik om aan te pas weens die boelies en selfs ander kinders wat hom gereeld geterg het oor sy manier van stap. Soos baie kinders met gestremdhede was hy nie vol selfvertroue nie en hy het dit moeilik gevind om vriende te maak in die hoofstroomskool. Maar hy het sy matriek geslaag, en gou 'n pos gekry by die staatsdiens – waar hy nou nog werk en 'n baie goeie inkomste verdien. Hy is ook getroud met 'n wonderlike vrou.

Gerda Stols se dogter, Ina-Ri, is verstandelik gedeeltelik gestremd. Sy sukkel byvoorbeeld om te skryf en te lees en kan nie somme doen nie, so sy kan nie met geld werk nie. Maar, soos sy self sê, sy is net 'n bietjie stadig – nie gestremd nie. As kind was sy in 'n spesiale klas in 'n hoofstroomskool, en nou in haar vroeë dertigs bring sy oggende deur by Up With Downs, 'n inrigting vir hoofsaaklik kinders en volwassenes met Downsindroom.

Sy sal nooit heeltemal vir haarself kan sorg nie, sê Gerda. *Dit is 'n groot verantwoordelikheid as 'n ma om seker te maak dat sy goed versorg sal wees as ek nie meer hier is om na haar om te sien nie. Ons beplan om binnekort vir haar 'n woonstel te koop by Up With Downs, waar sy die nodige hulp sal hê.*

Cobie Weideman se jongste seun, Philip, het Downsindroom. Sy sê 'n ma van 'n kind met 'n gestremdheid moet op die hoogte bly van die nuutste bevindings rondom dié gestremdheid.

Dit het nagte se navorsing, bloedsweet, trane en oneindige geduld gekos om hom tot op 'n aanvaarbare vlak te stimuleer en te keer dat hy 'n plafon bereik. Alhoewel Philip nooit 'n Springbok-rugbyspeler gaan wees nie, het hy

Vir ma's van kinders met gestremdhede

Sarah-Jane Meyer, Gemeente Outeniqua

wel Proteakleure in swem.

Marietha Kotze se seun, Francois, is gestremd as gevolg van 'n motorongeluk. Die noodlot het hom getref kort nadat hy sy graad in menslike bewegingstudies voltooi het asook sy hoëronderwysdiploma.

As gevolg van sy kopbesering het die Francois wat ons geken het, spoorloos verdwyn. In plaas van 'n uitgelate jong man met 'n belowende toekoms, is hy nou teruggetrokke en nie in staat om te werk nie, sê Marietha.

Dis 'n groot verantwoordelikheid om konstant fisies en emosionele ondersteuning te bied. Dan is daar ook die finansiële kwessie. Francois se mediese onkoste is baie hoog, so ons is afhanklik van die staatshospitaal en mediese dienste.

Raad

Om 'n kind met 'n gestremdheid te hê, kan 'n mens baie alleen laat voel. Maar al die ma's met wie ek gesels het, sê vasbeslote: *Moenie moed opgee nie!*

Moenie bang wees om te vra nie, sê Petru. *Praat oor jul behoeftes met dokters en mense wat julle kan vertrou met kosbare inligting. Hoe meer jy met dokters, pediaters, arbeids- en ander terapeute praat, hoe beter sal jy ingelig word oor wat beskikbaar is vir jou kind.*

Florence stem saam. *Dis belangrik om die nodige strukture te soek om jou kind te help. Dit sluit in hoofstroomskoolgaan, indien moontlik, en enige nodige operasies en medikasie wat hulle in staat sal stel om as volwassenes so onafhanklik moontlik te lewe.*

Dis noodsaaklik om jou kind te aanvaar soos hy – of sy – is, sê Marietha. *Aanvaarding, verstaan, geduld en omgee is noodsaaklik as jy jou gestremde kind die beste moontlike lewe wil gee.*

Cobie sê 'n groot uitdaging vir ouers van kinders met gestremdhede is om aanvaarding vir hulle te kry by die gemeenskap en vriende.

Ons doel as ouers was om ons gestremde kind so normaal moontlik groot te maak en hom uitstekende maniere te leer wat hom aanvaarbaar maak vir ander. Sommige mense hanteer andersheid baie moeilik in 'n wêreld wat draai om eendersheid. Ons het geleer om vriende te kies wat positief oor ons seun is – nie simpatiek nie. Ons neem hom saam waar ons ook al gaan en daar waar hy nie welkom is nie, bly ons eenvoudig weg.

Dit is nie altyd maklik nie, maar jy sal vind daar is vir elke kind 'n gemeenskap wat hulle sal lief hê net soos hulle is. Moenie toelaat dat enige negatiewe of verkeerde inligting jou en jou kind benadeel nie, sê Gerda.

En onthou – 'n sin vir humor is lewensbelangrik.

SP Engelbrecht-museum

Hierdie foto van die Museumgebou is tydens 'n nagtelike spooktoer geneem deur Henk Smit.

SP Engelbrecht-museum

Plakkaatversameling **Ds Carel Johann de Bruin**

Plakkaat nr 7: Voortrekkers

Hierdie maand plaas ons nr 7 van die SP Engelbrecht-museum se plakkate. Voorheen het ons 'n kort opsomming gegee oor die ontstaan van die reeks. Dit is 'n pragtige reeks wat belangrike inligting op kort en kragtige manier weergee.

Gaan kyk gerus hier na vorige artikels en besoek die Museum se Facebookblad hier.

Ds Carel Johann de Bruin

Emerituspredikant

Sekretaris: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek

By SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal, Pretoria

careljohann@gmail.com

082 733 3951

Die Kerk onder die VOORTREKKERS

Toe die Voortrekkers die Kaapkolonie in 1836 verlaat het, was daar nie predikante of kerkgeboue op die trekkerspad na die noorde nie. Aanvanklik was die Kaapse Kerk die Groot Trek nie goedgesind nie. Tussen 1836 en 1853 is die Voortrekkers geestelik versorg deur ouderlinge en enkele goedgesinde predikante.

Die sendeling Erasmus Smit (1778-1863) is in 1837 bevestig as predikant van die Voortrekkers. Daniël Lindley (1801-1880), Amerikaanse Presbiteriaanse predikant, het tussen 1841 en 1847 waardevolle werk in Natal, die Vrystaat en Transvaal gedoen.

In 1842 is Gemeente Potchefstroom gestig, en het die georganiseerde kerklike lewe in Transvaal begin. Soos vroeër in die Kaap, het die Voortrekkers hul kerk die Nederduitsch Hervormde Kerk genoem.

Daar was egter nog geen vaste predikant in Transvaal nie, en die Voortrekkers is van tyd tot tyd deur predikante uit die Kaapse Kerk besoek. Dan is Nagmaal gevier en 'n groot getal kinders gedoop.

Die Voortrekkers was nie gretig om 'n Kaapse predikant te beroep nie. Hulle was bang dat hulle hul kerklike en staatkundige vryheid sou moes prysgee. Ds Dirk van der Hoff (1814-1881) is deur bemiddeling van prof UG Lauts uit Nederland na Potchefstroom beroep. Hy is in 1853 as eerste predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal bevestig.

Candy
WALL

blu.

NHSV Streekbyeenkomste

Noord-Transvaalstreek **Corli van der Linde (Onverwacht)**

Die 2024 Noord-Transvaal NHSV Streekbyeenkoms het plaasgevind by Gemeente Welgelegen-Pietersburg in Polokwane op 7 September, met die treffende, baie gepaste tema: *Al het ek geval, ek staan weer op ...* (Miga 7:8).

Ná registrasie om 08:30 het ons heerlike tee, koffie en beskuit geniet. 'n Warm, hartlike opening is deur ds Henk Joubert gelei (wat ingestaan het vir sy dogter, ds Joleen Marx). Ons is gewoond aan 'n groot aantal dames by ons byeenkomste. Hierdie jaar was ons egter slegs 48 dames (nege takke) uit ons wyd uitgestrekte streek. (Sommige van die dames moes reeds so vroeg as 04:00 in die pad val om betyds te wees vir die byeenkoms.) Nogtans was die samesang meelewend en uit volle bors.

Die interaktiewe inspirasie is aangebied deur Sonja Prozesky en Linda Pieterse, albei maatskaplike werkers met praktyke in Polokwane. En interaktief was dit voorwaar. Hulle het bekende liedjies gebruik om groepe te vorm en sodoende het ons almal uit ons gemaksones geklim en gewillig om 'n tafel gaan sit saam met vroue wat jy nie noodwendig geken het nie.

Die tema is vanuit 'n heel kreatiewe en aktuele hoek benader. Die aanbieders het alledaagse artikels uit die kombuis en huis aan elke tafel voorsien. Ons het behoorlik kopgekrap om met dit tot ons beskikking, baie spoeg en plak, die AANPASBARE VROU te bou. Soos die foto's getuig, het dit vir groot pret maar ook vir ongemak gesorg omdat jy jouself moes blootstel. Ek kan waarlik getuig dat die aktiwiteit baie van ons iets oor onsself asook oor die vreemdeling langs ons geleer het.

Die nuwe bestuur van die streek is soos volg: voorsitter: Trudie Joubert (NHSV Welgelegen-Pietersburg); visevoorsitter: Corli van der Linde (NHSV Onverwacht, Ellisras); sekretaresse: Carina Bosman (NHSV Waterberg, Nylstroom); visesekretaresse: Alta van Aswegen (NHSV Naboomspruit)

Ons sluit die dag af met 'n pragtige, volgehoue tradisie: die NHSV lied. Nadat ons (soos altyd by hierdie geleenthede) heerlik saamgeëet het, stap ons ook weg met geskenksakke vol bederf.

Ons almal reis terug na ons gemeentes met ons magies vol, siele verryk en nuwe geloofsvriendinne ryker.

Predikantsvroue vlnr
Rensché van Wyk, Ronel Bezuidenhout, Wilna Koekemoer, Trudie Joubert, Tokkie Claassen, Miemie Grobler

Nuwe bestuur vlnr Carina, Corli, Trudie, Alta

NHSV Streekbyeenkomste

Dorslandstreek **Susan Janse van Rensburg – NHSV Dorsland-streekvoorsitter**

Vlnr: Susan Janse van Rensburg (Dorsland-streekvoorsitter), Friena Scholtz en Elsa Winckler (Lucia Prinsloo se susters), Wilna Koekemoer (NHSV Dagbestuur)

Reino Meyer, gasspreker

Pieter Kotze, die 14-jarige violis

Die NHSV Dorslandstreek se 50ste jaarlikse streekbyeenkoms is die naweek van 7 en 8 Junie in Namibië in Gemeente Namibkus gehou. Dit was 'n geskiedkundige geleentheid in die sin dat dit die heel eerste streekbyeenkoms is wat in Swakopmund gehou is. Dit was natuurlik ook 'n eerste in die pragtige nuwe kerkgebou wat in 2023 in Swakopmund ingewy is.

Afgevaardigdes van reg oor Namibië het die byeenkoms bygewoon. Daar was 96 mense – dames én 'n paar here – by die sielsverrykende oggendtee. Elke gasvrou se tafel was pragtig versier en die eetgoed van hoogstaande gehalte.

Lucia Prinsloo se susters, Elsa Winckler en Friena Scholtz, het al die pad van Suid-Afrika gekom om te kom vertel van Lucia se ongewone storie. Die storie van 'n vrou wat keer op keer in haar lewe geval het en maar net weer opgestaan en aangegaan het. Die storie van 'n vrou wat haar nie deur haar siekte laat definieer het nie, maar haar drome en ideale uitgeleef het en in haar lewe ook verskeie boeke geskryf het.

Die ander gasspreker was Reino Meyer, 'n plaaslike winkeleienaar, wat sy lewensverhaal kom deel het. Reino is vandat hy 'n klein seuntjie was, keer op keer platgeslaan deur afgryslike gebeure, maar het elke keer opgestaan. Alhoewel hy met baie letsels op sy siel rondloop, lewe hy met 'n positiewe gesindheid en 'n glimlag op sy gesig.

Die Dagbestuurslid mev Wilna Koekemoer en haar man, ds Johan Koekemoer, het ook die geleentheid bygewoon. Ds Johan was self baie jare gelede in die Weermag 'n kapelaan in Gemeente Namibkus.

Pieter Kotze, 'n 14-jarige musikant van Swakopmund, het sy uitsonderlike musiektalent kom deel. Hy het een van sy eie komposisies op die klavinova gespeel en die gehoor ook met sy pragtige vioolspel vergas.

By die byeenkoms was ook uitstallings van pottebakkerswerk, Tupperware, droëvrugte en neute, juwele, en ook van items uit Reino Meyer se binnenshuisversieringswinkel.

Namibië is 'n land waar honderde kilometers gery word om geleenthede by te woon. Die streekbyeenkoms is Saterdag teen middagete afgesluit en almal is met sielsverryking en 'n kospakkie vir die langpad by die deur uit.

NHSV Streekbyeenkomste

Vaalrivierstreek **Sonette Benson, Vaalrivier-streekvoorsitter**

CJ Langenhoven het gesê: ***Om dood te gaan, is nie 'n kuns nie, die slegste kry dit ook reg. Om te lewe, is 'n kuns – selfs die beste kry dit nie goed reg nie.***

Hiervan het ons opnuut bewus geword by die Vaalrivier-streekbyeenkoms wat op 28 September 2024 plaasgevind het by Gemeente Drie Riviere.

Van vroegoggend af het ons besef dat hier vandag geleef gaan word. Die dames is by die registrasietafel voorgekeer, waar Thea van Rooyen hulle gehelp het om vinnig 'n *junk journal* aanmekaar te slaan vir al hul aantekeninge vir die oggend.

Bernette van Straaten het saam met Carin Boshoff die lofprysing hanteer. Watter besondere dakligmoment was dit nie!

Ds Hennie Louw het op sy unieke manier vir ons geopen uit Miga 8. Uit sy besonderse boodskap het ons reeds geweet: Val mag ons, maar om te bly lê, is nie 'n opsie nie.

Johannes de Villiers het met ons verskeie verhale van "satori" gedeel. Satori is 'n Japannese woord vir *die oomblik toe ek ontwaak of tuisgekom het*. Saam met hom het ons geleer van in-die-oomblik-leef. Dit help nie jy wag tot jou lewe perfek is voordat jy jouself blydskap gun nie. Jy wil asem skep, die mooi dinge om jou raaksien en tyd bestee aan dit wat regtig saak maak. Maar soms raak die lewe doller as dol en jy is so erg gestres dat jy heeltemal vergeet hoekom jy hier is.

Hy het vir ons 'n paar riglyne gegee om bewustelikheid te kan gebruik om beter met mense oor die weg te kom, 'n positiewe bydrae in die wêreld om jou te maak en opnuut die lewe lief te kry. Al was hierdie moeilike onderwerpe waaroor gepraat is, het die dames geskaterlag vir Johannes se kwinkslae.

Daarna het ons 'n heerlike hooimied-ete geniet wat deur die dames van Gemeente Drie Riviere voorgesit is. Dit het bygedra tot die jolige en inspirerende atmosfeer wat onder die dames geheers het.

Saam met Thea van Rooyen het ons daarna granate van hoop gebou om die oggend mee af te rond. Die dames het vreeslik gegiggel vir granaatpitte wat nie op hul plekke wil bly nie, en om die regte kleure te kry, het 'n oor-en-weer-helpery tot gevolg gehad.

As iemand my sou vra wat my beste raad vir vandag se mensdom is, dan sou ek eenvoudig antwoord: Om hemelsnaam, stop vir 'n oomblik. Hou op werk, kyk om jou rond. (Leo Tolstoi)

Hierdie dag was so 'n stopdag!

Lente is in die lug!

Lente is in die lug!

Gerda-Marie de Beer, Voorsitter NHSV Kruin

Saterdag 14 September het die NHSV Kruin 'n inspirerende Damestee aangebied. Vrolikheid was in die lug toe die dames by mooi pienkversierde tafels gaan sit.

Die dames is bederf met geskenkies, heuning en heerlike eetgoed. Tanya Schoeman, lidmaat van die gemeente, het haar sangtalent met ons gedeel en die mooiste liedjies gesing.

Die tema van die oggend, *Al sou die vyeboom nie bot nie*, was die aanknopingspunt vir Louise Marais wat ons kom vertel het van haar pad met gesigsverlies. Ons het weer eens besef ons kan vrolik wees al druk die lewe ons.

Voorkomskonsultant Lizel van der Westhuizen het ons kom vertel hoe ons netjies en goed kan lyk sonder om op die skaal te klim. Met 'n koppie koffie in die hand en die selfhelp-lekkertafel, het die dames heerlik saamgekuier. Met sulke geleenthede besef ons net dat ons as vroue saam baie kan vermag. Dit was beslis 'n verrykende oggend vir vroue van alle ouderdomme.

Louise Marais, Gerda-Marie de Beer en Lizel van der Westhuizen

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), Sarah-Jane Meyer, ds Carel Johann de Bruin, Corli van der Linde, Susan Janse van Rensburg, Sonette Benson, Gerda-Marie de Beer
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* of *https://www.freepik.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

	www.nhsv.org.za		***Porterstraat 40, Rawsonville, 6845***		***diechristelikevrou@gmail.com***
	diechristelike		***Christelike Vrou***		***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.